Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.

BELANGRIKE KENNISGEWING

UITNODIGING AAN GODSDIENSTIGE ORGANISASIES OM AANSOEK TE DOEN OM BEFONDSING VIR VEILIGHEIDSBEVORDERINGSPROGRAMME VIR DIE JEUG

Die Departement van Gemeenskapsveiligheid nooi godsdienstige organisasies (geregistreerde OSW's) uit om voorstelle in te dien vir veiligheidsbevorderings-programme vir jeug wat in gebiede met hoë misdaadsyfers woon. Die Departement onderneem om hierdie aktiwiteite te ondersteun teen 'n tarief van tot R60 per dag per deelnemer. Die enigste voorwaarde is dat hierdie aktiwiteite ten minste 8 uur per programdag in beslag moet neem en ten minste een maaltyd moet elke programdag aan elke deelnemer voorsien word.

1. Aansoeke moet op die voorgeskrewe aansoekvorm ingedien word en vergesel word van die volgende dokumente: 'n Getekende afskrif van u organisasie se (a) OSW-sertifikaat, (b) handves of grondwet, (c) jongste 3 maande bankstate, (d) bestuursmodel en verantwoordbaarheidstruktuur en (e) jongste gewaarmerkte ID-afskrifte van die godsdienstige leier/voorsitter, sekretaris en tesourier MOET by hierdie Aansoekvorm aangeheg word.
2. Die teikenouderdom van jeug wat na hierdie programme uitgenooi word, is tussen 14 en 20 jaar oud. Jeug uit ander ouderdomsgroepe word nie uitgesluit nie, maar daar word voorkeur gegee aan hierdie betrokke ouderdomskategorie. Aktiwiteite moet lewensvaardighede vir ouderdomme 6-13 en beroepsopleidingsprogramme vir ouderdomme 14-21 jaar insluit.
3. Die organisasie moet 'n voltooide en getekende vrywaringsvorm vir elke kind/jeugdeelnemer hê by elke dag van die program (gebruik slegs die Departement se vorm).
4. Instellings wat goedkeuring ontvang, moet 30 dae voor die implementering van die skoolvakansie-aktiwiteite die volgende dokumentasie indien: (a) Skriftelike bevestiging (faktuur/brief) dat die lokale vir die aktiwiteite bespreek is en (b) 'n gestruktureerde 5-dag program.

Die Departement kan vra dat deelnemers aan verdere veiligheidsbevorderingsaktiwiteite deelneem. Organisasies wat daarin belangstel om deel te neem aan veiligheidsbevorderingsaktiwiteite tydens die Desember/Januarie skoolvakansie moet 'n aansoek op die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi. Organisasies wat goedkeuring ontvang het, sal die geleentheid kry om aansoek te doen vir toegewyde UOWP-jeugwerker(s). Aansoeke word ingewag vir:

- Junie/Julie skoolvakansie, 17 Junie 2019 – 8 Julie 2019
- Desember skoolvakansie, 5 Desember 2019 – 14 Januarie 2020

Aansoekvorms kan afgelaai word by: http://www.westerncape.gov.za/dept/community-safety.

Voorkeur word verleen aan aansoeke wat ontvang word van gebiede met die hoogste misdaadsyfers en die meriete van die aansoeke en die beskikbaarheid van fondse word ook in ag geneem.

Aansoeke vir befondsing vir die 2019-2020 Junie/Julie en Desember/Januarie skoolvakansies moet nie later as **Vrydag 22 Maart 2019** ingedien word nie.
GEEN LAAT AANSOEKE OF DOKUMENTASIE WAT LAAT INGEDIEN WORD, SAL OORWEEG WORD NIE.

Aansoekers kan hul aansoeke indien by Cordelia Casa (Tel. 021 483 6547 en e-posadres Ntombolwandle.Casa@westerncape.gov.za).
Tree asseblief in verbinding met die Projekbestuurder, Mansoor Lagkar, by 021 483 5621 indien u enige navrae het.